# Gebedsbulletin
# No. 21 van 2026

## 24 Mei 2026

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

# Ons roeping is belangriker as ons indiwidualiteit

Hans Kramers (1894-1952) was 'n gerekende Nederlandse fisikus. Een aand tydens 'n publieke musiekkonsert, het hy opgestaan en haastig uitgestap. Na die tyd het hy gesê hy was in sy kop besig om die energievlakke van 'n suurstof atoom te bereken en die musiek het hiermee ingemeng. Sy toewyding aan sy navorsing was legendaries. Een keer het Kramers selfs opgemerk: "A man of science must sacrifice his individuality for his discipline." Lees dit weer asseblief.

Kramers sê daar is belangriker dinge in die lewe as ons eie indiwidualiteit. In geloofstaal gesê, ons roeping in die Here is belangriker as ons eie voorkeure, afkeure,smake en belangstellings.

Kramers se woorde herinner my aan Ou Testamentiese profete, soos Elia en Elisa. Hulle roeping het hulle ganse lewe oorgeneem. Hulle het nie iets soos 'n privaat lewe en 'n publieke lewe geken nie. Hulle het net een lewe gehad, een lewe voor God. Ek dink dis een van die redes hoekom hulle gereeld as manne van God aangespreek is. Mense het altyd baie goed geweet waarvoor hulle staan en vir Wie hulle leef. Die apostel Paulus se roeping het ook sy ganse lewe oorgeneem. Hy skryf juis in Filippense 1:21: "Vir my is die lewe Christus! Hy is die somtotaal van my hele bestaan."

Mag ons ook ons eie roeping in die lewe ken en verstaan. Nog meer, mag dit ons lewensdoel wees om voltyds vir God te leef. Mag ons selfs ons eie gerief en enige selfsugtige vorms van indiwidualiteit hiervoor op die altaar plaas. Dan sal ons inderdaad ook as mense van God uitstaan.

*deur* **Stephan Joubert**

## Gemeente – Algemeen

-Bid vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Johnny Viviers
Annie Brink
Leonie Kruger
Jillian Jansen
Juanita Rossouw
Marcel Holtzhausen
Janine Vorster
Hettie Singleton
Jaap Naudé
Tannie Sannie Wentzel
Arno Claassen
Dina Roothman
Tiné Pretorius
Debbie Fourie
Charlie Behrens
Stefanie Joubert




***Byvoorbaat baie dankie vir jou bydrae's . . .***
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

## Dank Gebede



-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan 'n houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN

**Jesus het opgevaar na die hemel, maar nooit ons harte verlaat nie. Hy regeer in heerlikheid, en Sy liefde, genade en hoop bly elke dag met ons.**

"Hy is nie hier nie, want Hy is opgewek." Matteus 28:6

**Amen.**

## GEDAGTE VD WEEK




Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in